

# HANDELINGE

## 1:15-26



Die dissipels moet 'n moeilike keuse maak toe hulle 'n dissipel in hul midde kort. Jesus was nie daar om die besluit vir hulle te maak nie.

As individue en gemeenskappe word ons dikwels voor keuses gestel:

- **Waarvoor word ek geroep?**
- **Moet ek van werk verander?**
- **Waar moet ons sny in die begroting?**
- **Wie moet ons leiers wees?**

Ons smag na God se begeleiding.

Die gang van jou lewe word dikwels bepaal deur die besluite of keuses wat jy elke dag maak.

**Jou lewe is 'n goeie getuienis van die keuses wat jy al gemaak het.**

Ons het baie groot en belangrike keuses om in ons lewe te maak, maar ook 'n klomp kleiner besluite.

Partykeer vat ons maar 'n kans, trek 'n lootjie, dobbel met ons lewe en kyk waar dit gaan opeindig.


Hoe het sulke besluite al vir jou uitgewerk?

Hoe voel jy oor die rigting wat jou lewe tans inneem?

Is jy tevrede met die rigting waarin jy besig is om te beweeg?

Hoe dink jy voel God oor die rigting waarin jou lewe tans stuur?

C. S. Lewis: "*Good and evil both increase at compound interest. That is why the little decisions you and I make every day are of such infinite importance. The smallest good act today is the capture of a strategic point from which, a few months later, you may be able to go on to victories you never dreamed of. An apparently trivial indulgence in lust or anger today is the loss of a ridge or railway line or bridgehead from which the enemy may launch an attack otherwise impossible.*"



Die lewe is soos 'n doolhof van besluite wat ons moet maak.

**Watter besluite en keuses is tans vir jou baie moeilik?**

Die beste manier om 'n doolhof op te los, is om by die einde te begin!

**Waar wil jy graag uitkom?**

**Wat sê God vir jou in die Bybel daaroor?**

As die kroon van jou besluite en keuses is om Hom te verheerlik en saam met Hom in die ewigheid te wees, dan sal die kleiner keuses elke dag nie so moeilik wees nie. **Begin by die kaas!**

**Lees Jesaja 32:17-20**

**Spreuke 16:3 & 33**

Wanneer jy die besluit gemaak het om in 'n verhouding met God te staan, sal jy alles doen om daardie verhouding in stand te hou en vir hom te wys dat jy Hom kies en Hom eer. Dit beteken jy doen dinge uit jou eie uit sonder om gevra te word!

Dit beteken jou keuses raak makliker en minder dringend...want jy het reeds gekies om in God se weë te wandel. **Dan hoef jy nie te raai of te loot nie!**

## VOORDELE VAN VOORUIT BEPLAN:

### 1. Dit verminder die hoeveelheid daaglikse keuses wat jy moet maak

Steve Jobs het elke dag dieselfde klere gedra – dink jy hy was net regtig mal oor daardie uitrusting? Nee! Maar hy het geweet as hy nie elke dag hoef ekies wat om aan te trek nie, het hy ekstra energie om die meer belangrike keuses uit te voer.

Biljoener Ray Dalio het geskryf: “*Without principles, we would be forced to react to all the things life throws at us individually, as if we were experiencing each of them for the first time.*” En: “*Using principles is a way of both simplifying and improving your decision making.... [This] will allow you to massively reduce the number of decisions you have to make (I estimate by a factor of something like 100,000) and will lead you to make much better ones.*”

## **2. VOORUIT BEPLAN verminder die vrees van verkeerde besluite**

## **3. VOORUIT BEPLAN verhoed emosies wat oorneem**

### **BID**

- Here help my om intensioneel vir U te leef, met ander woorde om elke dag te kies om aan U wil gehoorsaam te wees
- Here, ek gee my planne in U hande oor en ek werk om gehoorsaam aan U te wees
- Here, dankie dat U planne vas is en dat U die uitkoms bepaal